Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 | kerk@kerk.co.za | www.kerk.co.za | bfn_baptiste | Bloemfontein Baptiste Kerk

---

# KERN PERSPEKTIEF

Deel 1 – Korrekte Perspektief

## Die Groot Probleem

**1 Samuel 17:4** Toe kom daar 'n baasvegter uit die laer van die Filistyne uit. Sy naam was Goliat en hy was afkomstig uit Gat. Hy was drie meter lank.

**1 Samuel 17:11** Toe Saul en die hele Israel hoor wat die Filistyn sê, het hulle geskrik en baie bang geword

## Die Onwaarskynlike Held

**1 Samuel 17:26** …"Wat sal gebeur met die man wat die skande van Israel wegneem…Wie is hierdie heiden, hierdie Filistyn, nogal dat hy die linies van die lewende God verkleineer?"

**1 Samuel 17:32** "'n Mens moenie oor hóm moedeloos word nie," sê Dawid toe vir Saul. "Ek sal gaan en teen hierdie Filistyn veg."

**1 Samuel 17:37** Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn."

## Die Ongewone Oorwinning

**1 Samuel 17:45-47** Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het. Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee."

**1 Samuel 17:50** Met die slingervel en klip was Dawid sterker as die Filistyn en het hy hom verslaan en doodgemaak. Dawid het nie eens 'n swaard by hom gehad nie!

# Jesus as afstammeling van Dawid en Seun van God

## Die Groot Probleem

**Romeine 3:23** Almal het gesondig...

## Die Onwaarskynlike Held

**1 Timoteus 1:15** Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos.

## Die Ongewone Oorwinning

**1 Timoteus 2:5-6** Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.

## Die Onwaarskynlike Beweging

**Markus 16:15** "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.

***Hoe sal ek optree as ek oortuig is dat God by my is en reeds oorwin het?***